 ISSN 0254-3486 = *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* 17, no. 3 1998

Standpunt

Debat oor kloning

Om 'n "standpunt" oor kloning in te neem, is byna so moeilik as om die see met 'n emmer leeg te skep. 'n Standpunt veronderstel immers dat mens iewers op 'n vaste bodem "staan" - soos Luther by geleentheid sou gesê het: ***Hier staan ek.*** Van 'n teoloog kan verwag word dat hy wel oor so 'n vaste staanplek beskik, naamlik die Bybel. Maar wat sê die Bybel oor kloning? Daar is immers geen direkte uitspraak daaroor nie. Die Bybel is immers ook nie bedoel as resepteboek vir allerlei mediese-etiese vraagstukke nie. In wat volg, sal blyk dat die Bybelse boodskap inderdaad deurslaggewend is maar dan in sy totaliteit hanteer. Dit is byna onnodig om te meld dat hier tastend na 'n antwoord gesoek word.

Dit gaan oor die vraag of alles wat kán ook mág. Het die etiese besinning nie te ver agtergeraak by die tegnologiese ontwikkeling nie?

Wat word met kloning bedoel? - 'n saak wat al met atoomsplitsing vergelyk is en 'n ontwikkeling wat die moderne mens se wêreldbeskouing ingrypend gaan verander. Onder kloning word gewoonlik verstaan 'n mediese proses waartydens die kern van 'n onbevrugte eiersel uitgesuig en vervang word met die kern van 'n liggaamsel van iemand anders (byvoorbeeld die pa, of selfs die ma). Die nuwe "bevrugte" sel word in die ma (of surrogaatmoeder) teruggeplaas waarna die baba soos gewoonlik ontwikkel. Die baba wat gebore (sou) word, is geneties identies aan die skenker van die liggaamsel (pa of ma). Kloning beteken duplisering van 'n persoon. Dis 'n vorm van aseksuele voortplanting.

PRO EN CONTRA

Soos by feitlik enige etiese vraagstuk te vind is, word ook in hierdie geval voor- en teenstanders aangetref. Voorstanders wys op die volgende: kloning bied die geleentheid dat die genotipe, geslagtelikheid en karakter van kinders bepaal kan word; dit skep die geleentheid dat gestorwe kinders maklik met 'n identiese kind "vervang" kan word; dit open die moontlikheid om genetiese tekorte en siektes by die nageslag uit te skakel; dit skep die geleentheid om genieë te kontinueer en spesiale mense vir spesiale take te kweek; dit bied nuwe moontlikhede vir orgaanontwikkeling en orgaanoorplanting.

Teenstanders vestig die aandag op die volgende: kloning kan genetiese siektes in 'n bevolking vermeerder; dit kan die menslike genepoel baie beskadig indien slegte gene daar ingevoer word; dit bring die huweliks- en gesinsetiek in gedrang; dit sal enkelouerskap baie bevorder; dit kan tot gevolg hê dat 'n samelewing uiteindelik net deur kloning sal kan oorleef indien liggaamselle van onvrugbare persone op groot skaal gebruik word; dit bring die uniekheid van 'n persoon in gedrang; eksperimente met embrio's is eties onaanvaarbaar; met kloning is die mens besig om God te speel.

Enkele kernvrae word hier hanteer, sonder om aandag aan alle probleemareas te gee.

DIE GODSVRAAG

Een van die kernbesware teen kloning is dat die mens op hierdie wyse God probeer speel. Die mens is hier besig om mense na sy (die mens se) beeld te maak, terwyl die Bybel leer dat God mense na sy (God se) beeld geskep het. So besien, is kloning 'n daad van hoogmoed waarin die mens terugval in die oersonde, naamlik om "soos God" te probeer wees.

Hierdie kritiek moet baie ernstig oorweeg word. Dit is immers moontlik dat embrioloë 'n houding van outonomie teenoor God kan inneem. Tog hoef dit nie noodwendig die geval te wees nie. Dit is ook moontlik dat medici 'n houding van ootmoed, afhanklikheid en onderdanigheid teenoor God kan inneem. Ook ten opsigte van die mediese etiek geld die kultuurmandaat en roepingsopdrag en moet die mens beeld van God wees deur God se heerskappy oor die skepping te reflekteer. Met kloning word nie nuwe mense gemaak nie, maar word met voorhande materiaal (eisel en liggaamsel) gewerk en word bestaande selle gemanipuleer.

MENSBESKOUING

'n Tweede baie belangrike aspek is die vraag of kloning nie die uniekheid van 'n persoon in gedrang bring nie. Sal twee (of honderd) identiese mense deug? En wat van die siel van die mens?

Hierop moet geantwoord word dat kloning inderdaad 'n ingreep is op die uniekheid van 'n persoon - maar is dit 'n onoorkomelike probleem? Daar moet immers verreken word dat persoonlikheidsontwikkeling medebepaal word deur aspekte soos opvoeding, ervaring en ander omstandigheidsfaktore. Dieselfde saak word ook by identiese tweelinge gevind: hulle is eenders maar tog ook anders.

Hoe staan dit met die siel van die mens? Ontken kloning nie dat die mens 'n siel het nie? Ook hierdie vraag is verstaanbaar, maar slegs indien vanuit 'n Grieks-Platoniese mensbeeld geredeneer word waar die mens uit twee dele bestaan met die siel as die belangrikste en onsterflike deel. Word egter vanuit die Bybelse mensbeeld geredeneer, met die swaar aksent op die eenheid van die mens, op die mens as beeld van God, dan verval hierdie probleemstelling. Die mens bestaan nie uit drie losstaande dele naamlik siel en liggaam en gees nie; die drie is nie drie komponente nie maar dimensies van die een mens. So besien kan 'n gekloonde mens nie 'n siellose mens wees nie, maar behoort hy/sy volledig mens te wees, beeld van God en dus oop vir die evangelie en die verbond van God.

Binne hierdie konteks sou kloning as daad van naastelielde beskou kon word - aan kinderlose egpare. En dit bring ons by die volgende belangrike vraag.

HUWELIKSETIEK

Dit is duidelik dat indien kloning as 'n vorm van buite-egtelike, buite-manlike en buite-huwelikse voortplanting algemeen en onbeperk toegepas sou word, sou dit die huwelik as instelling uit sy voeë lig en uiteindelik oorbodig maak. Dit kan ook enkelouerskap bevorder en veroorsaak dat kinders sonder vader en moeder en buite gesinsverband opgroei. Voeg hierby dat indien liggaamselle van onvrugbare persone gebruik word en onvrugbaarheid so ingeteel word, dan sal 'n samelewing uiteindelik slegs deur kloning kan oorleef.

Hierteenoor is daar die moontlikheid dat kloning binne huwelikskonteks op selektiewe wyse toegepas kan word en wel

in die geval van kinderlose egpare (byvoorbeeld waar die manlike geslagsdele vermink of verwyder is). So benader kom kloning ter sprake as uitsonderingsgeval en nie as reël nie. Die (ook Christelike) etiek ken immers byna orals die "kategorie van uitsondering" (vergelyk die uitsonderings by aborsie, doodslag en egskeiding).

Daar is egter net te veel morele en mediese vrae onbeantwoord (vergelyk die genoemde kritiekpunte) om kloning as algemeen aanvaarde praktyk goed te keur.

SAMEVATTING

- Kloning by diere lewer minder etiese probleme as by mense, hoewel eksperimente met diere ook sy grense het.
- Teen kloning-op-aanvraag, dit wil sê kloning as algemene praktyk, bestaan swaarwegende etiese besware (byvoorbeeld skade aan die menslike genepoel).
- Wat tans deur etici (versigtig) oorweeg word, is kloning as uitsondering en wel binne huwelikskonteks (byvoorbeeld waar die manlike geslagsdele vermink of verwyder is).
- Verder kan kloning ook vir terapeutiese doeleindes (byvoorbeeld vir orgaanoorplanting) oorweeg word, maar dan binne 'n verantwoorde etiese kode.

J.H. VAN WYK
Teologiese Skool
Potchefstroomse Universiteit vir CHO